GEMEENTE. LES 47

1	GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem.
Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) *[STILTETYE]* OPENBARING 15 - 18

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Openbaring 15 - 18. Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) *[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]* (20) JOHANNES 18:36

Herhaal twee - twee.
(20) Johannes 18:36 "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie."

4	ONDERRIG (85 minute) *[KERK HERSTELLENDE BEDIENING]* LYDING EN DIE SOEWEREINITEIT VAN GOD

Inleiding. Hierdie studie gaan oor lyding. Christene ***én*** nie-Christene ervaar lyding. Mense ly op verskillende maniere. Mense reageer ook verskillend op lyding. Maar elkeen worstel met die vraag: "Waarom is daar lyding?" en: "Wat is die sin van die lyding?" Hierdie studie handel oor hierdie saak.

A. 'N MENS MOET UITING GEE AAN LYDING

1. Lyding het verskillende vorms.

Inleiding. Mense ly op verskillende maniere.

(1) Verskillende vorms van lyding.

Sommige mense ly omdat hulle siek is of een of ander fisiese, verstandelike of emosionele onvermoë het. Miskien moet hy 'n riskante operasie ondergaan. Miskien het hy 'n permanente gebrek.

Sommige mense ly omdat hulle planne, drome en hoop op niks uitgeloop het nie. Andere kry swaar omdat hulle verlange na liefde en 'n sinvolle verhouding nooit vervul is nie. Mense ly omdat hulle geen doel in die lewe meer sien nie. Hulle ly omdat hulle huweliksprobleme het of omdat hulle teleurgestel is in hulle eie loopbaan. Mense ly omdat hulle leef met skuldgevoelens of omdat hulle oor iets skaam is. Hulle ly omdat ander mense hulle onregverdig behandel het. Hulle ly omdat hulle hul ingeperk voel deur burokratiese reëls of moeilike omstandighede.

(2) Vrae oor lyding.

Mense ly omdat hulle geen antwoord kan vind op hulle kwellende vrae nie. Byvoorbeeld:

- "Hoe kan ek lyding rym met die liefde van almagtige God?"
- "Hoekom moet ek ly? Waarom ek?" "Wat het ek verkeerd gedoen om dit te verdien?"
- "Hoe kan iemand my van my lyding verlos?" "Wanneer kom daar 'n einde aan my lyding?"

Dergelike onbeantwoorde vrae pla en kwel almal wat ly.

(3) Die kwelling van die lyding.

Sommige mense ly omdat hulle sien hoe ander mense in die wêreld ly. Hulle sien hoe siek mense onder pyn ly en voel sleg omdat hulle niks daaraan kan doen nie. Of hulle voel geïrriteerd, verontwaardig en kwaad oor die vermeende onreg. Hulle uiter hartverskeurende krete by die sterwensoomblik van 'n geliefde. Of hulle word oorstroom met angs oor hoe hulle self met hulle eie lyding sal omgaan en vir hulle eie dood. Ongeag die vorm waarin die lyding na ons toe kom, bring dit altyd pyn en dit is altyd moeilik!

2. Die lyding het ruimte nodig om self tot uiting te kom.

Inleiding. Mense wat ly, soek na antwoorde. Maar voordat hulle 'n antwoord vind, is dit noodsaaklik dat hulle 'n geleentheid kry waarin hulle uiting kan gee aan hulle lyding. Hulle het tyd nodig om hulle pyn innerlik te verwerk. Mense in die Bybel het ook gely, emosies gehad van verdriet of angs en geworstel met vrae oor die lyding.
Ontdek en bespreek. Hoe het mense in die Bybel hulle pyn en lyding uitgedruk

(1) Job.

Lees Job 3:1-26.
Aantekeninge. Toe Job sy gesin en al sy besittings verloor het, het hy sy geboortedag *vervloek*, omdat hy diep gekwets en kwaad was. Wanhopig het hy na die rede vir sy lyding gesoek. Hy sê: "Waarom het ek nie by my geboorte gesterf nie?" (Job 3:11) "Ek het geen rus en geen vrede nie, geen verposing nie, net angs" (Job 3:26).

(2) Dawid.

Lees Psalm 6:1-10.
Aantekeninge. Psalm 6 is Dawid se gebed met trane. Hoewel hy 'n sterk vegter en beroemde koning was, het hy dit nie as 'n skande beskou om te huil nie. Hy het gebid: "Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met trane. My oë het dof geword van verdriet, verswak deur wat my teëstanders my aandoen" (Psalm 6:7-8).

Lees Psalm 30:1-12.
Aantekeninge. Toe Dawid baie siek was en dit gelyk het asof hy sou sterf, *het hy gepleit vir barmhartigheid* dat hy mag lewe en God se getrouheid mag verkondig:"Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek: "Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?" (Psalm 30:9-10).

Lees Psalm 69:1-21.
Aantekeninge. Toe Dawid vervolg is en sy omstandighede sleg was, was hy emosioneel *angstig* en het sy *wanhoop* in 'n gebed uitgespreek: "Red my, o God, want die water het tot by my keel gekom. Ek het weggesak in diep modder waarin ek nie kan staan nie. Ek het in diep waters beland waarin die stroom my meegesleur het" (Psalm 69:2-3). Hy het gehuil en gevas omdat hy beledig en verkleineer is (Psalm 69:11,20). Hy het gesê: "Beledigings het my gebreek, ek is gedaan. Ek het gehoop op meegevoel, maar tevergeefs, op mense om my te troos, maar daar was nie een nie" (Psalm 69:21).

Lees Psalm 142:1-7.
Aantekeninge. Dawid was nie bang om *sy klag voor God uit te spreek nie* en sy benoudheid met God te deel nie. Hy het gesê: "Ek soek hulp, maar niemand wil help nie, daar is vir my geen vlugkans nie en niemand gee vir my om nie.. ... ek is magteloos. Red my van my vervolgers, want hulle is te sterk vir my" (Psalm 142:5,7).

(3) Jesus.

Lees Matteus 27:46.
Aantekeninge. Jesus het self ook uiting gegee aan sy lyding aan die kruis: "My God, My God, waarom het U My verlaat?"

Samevatting. Net soos Job, Dawid en Jesus mag jy ook uiting gee aan jou lyding. Maak tyd om te *rou*. Bid jou eie gebed of *bid 'n gebed uit die Psalms as 'n manier om uiting te gee aan jou eie pyn of smart*. God is opreg geïnteresseerd in hoe jy voel en Hy is begaan oor jou lyding. Hy sien jou trane en vergeet nie jou geroep om hulp nie!

3. Die lyding lok reaksies by ander mense uit.

Inleiding. Mense reageer nie net op hulle eie lyding nie, maar ook op die lyding van andere. Sommige godsdienste[1] beskou die lyding as 'n straf vir jou eie sondes, hetsy of dit in hierdie lewe, of in 'n "vorige" lewe (inkarnasie) begaan is. Hulle veroordeel mense wat ly as 'skuldig' en beskou hulle lyding as 'hulle verdiende loon'. Daar is mense wat die lyding as ''n skande vir die familie' beskou en dan die siek of gestremde persoon vir die samelewing wegsteek. Hulle kan geen medelye met die lyding van andere voel of barmhartigheid aan hulle bewys nie!

Maar Hebreërs 4:15-16 leer dat Jesus Christus *medelye* het met ons swakhede, barmhartigheid en genade skenk en ons op die regte tydstip help. En 2 Korintiërs 1:4 leer: "In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig."

Ontdek en bespreek. Hoe sou Christene moet reageer op die lyding van andere?

(1) Treur.

Lees Romeine 12:15.
Aantekeninge. Christene moet saam *treur* met die mense wat treur.

[1] Karma samsara van Hindoeïsme en Boeddhisme

(2) Simpatiseer.

Lees Matteus 27:46; Hebreërs 10:34.
Aantekeninge. Christene moet *simpatiseer* met Christene wat vir hulle geloof in die gevangenis sit.

(3) Besoek, bid, help.

Lees Matteus 25:39; 27:46; 2 Korintiërs 1:4.
Aantekeninge. Christene behoort mense wat ly *op te soek* en te leer om saam met hulle te ly. Hulle moet leer hoe om mense wat ly te troos. Christene moet leer wanneer hulle maar net vir mense wat ly moet bid en wanneer hulle hul prakties moet help.

B. MENSE LY OMDAT HULLE VERKEERDE DINGE DOEN

Inleiding. Alle mense ly op bepaalde punte in hulle lewens. Hulle ly soms oor dinge wat verkeerd is God se oë en soms oor dinge wat goed of reg is in God se oë. Daar is vyf redes waarom alle mense in die wêreld ly.

1. Mense ly omdat hulle goddeloos is.

(1) Die oorspronklike oorsaak van die lyding is die sondeval.

Lees Genesis 3:1-19; Romeine 8:18-21.
Ontdek en bespreek. Wat was die oorspronklike oorsaak van die lyding van die menslike geslag?
Aantekeninge. Die Bybel leer duidelik dat alle lyding hulle oorsaak het in die sondeval van die mens. In Genesis 3 lees ons hoe die eerste mense (wat volmaak na God se beeld geskep was) in sonde geval het. Adam en Eva het hulle rug op God gedraai, was ongehoorsaam aan God se verbod en het vir God probeer wegkruip. God het hulle gestraf met lyding, moeite en die liggaamlike dood.

Romeine 5:12 sê letterlik: “Deur één mens (Adam) het die sonde in die wêreld gekom, en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, *om hierdie rede* of *in verband hiermee* (Grieks: ef hó) het almal gesondig.” God dink nie alleen in terme van *individue* nie, maar ook in terme van *gemeenskappe*. Netsoos Adam die verteenwoordiger van alle natuurlike mense is wat in sonde geval het en verdoem is, so is Christus die Verteenwoordiger van alle Christenen wat geregverdig is en verlos is (deur geloof in wat Christus gedoen het)(Romeine 5:12,17-19). Die hele menslike geslag deel in die straf van Adam en die hele (wedergebore) Gemeente van Christus deel in die geregtigheid van Jesus Christus (1 Korintiërs 1:30; 2 Korintiërs 5:17,21). “Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Één, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer” (Romeine 5:17).

Die natuurlike mens het sy volmaakte verhouding met God, sy onskuld en sy onsterflikheid verloor. Die mens het skuldig gevoel teenoor God, was skaam vir ander mense en het die teenwoordigheid van God gevrees. Die satan het die grootste vyand van die mens geword en veroorsaak baie lyding. Vrouens ly met geboorte van kinders en om onder die heerskappy van die man te staan. Manne ly deurdat hulle hulle afsloof in hulle werk. Uiteindelik gaan die liggaam van die mens fisies agteruit en sterf hy (Genesis 3).

Ook die hele skepping is aan die sinloosheid en die slawerny van die verderf onderworpe (Romeine 8:19-20). Die aarde en die natuur was nie meer volmaak nie, dit was oorwoeker deur dorings en dissels (Genesis 3:18) en was onderworpe aan rampe soos aardbewings, oorstromings, droogtes en hongersnood (Esegiël 14:21).

Die mens en die skepping sou ly vanaf die sondeval af tot by die wederkoms van Jesus Christus, want eers dán sal Christus die aarde vernuwe en die skepping tot volmaaktheid herstel (Handelinge 3:21).

(2) Die voortgaande oorsaak van die lyding is die goddeloosheid van die mens.

Lees Psalm 14:1-3; Romeine 1:18-23.
Ontdek en bespreek. Waarom hou die lyding van die menslike geslag nie op nie?
Aantekeninge. Die menslike geslag se lyding gaan voort, omdat mense voortgaan om in Adam se voetspore te volg. Mense bly goddeloos en doen steeds ongeregtigheid.

Mense wat goddeloos is, het geen of ’n verkeerde verhouding met die God van die Bybel! ’n Goddelose mens glo nie dat God bestaan nie of hy glo in ‘n ander ‘god’ as die God wat Hom in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het. Die lewensstyl van die ateïs word gekenmerk deur die feit dat hy homself as sy eie ‘god’ beskou en dat hy doen net wat hy wil. Die leefstyl van ‘n godsdienstige mens wat geen Christen is nie, word gekenmerk deur die feit dat hy afgode met sy eie hande maak of ’n ‘god’ versin met sy verstand wat *sy* waardes en leefstyl goedkeur. Sulke godsdienstige mense probeer meestal om geregverdig of verlos te word deur hulle eie manier wat hulle uitgedink het, hul eie godsdiens, deur hulle te hou aan mensgemaakte wette, of deur die doen van werke wat *hulle* ‘goed’ noem. Kortweg gestel, hulle leef sonder die God van die Bybel of het ’n verkeerde verhouding met die God van die Bybel!

Die resultaat van die goddeloosheid is dat mense verdwaas, waardeloos, nutteloos of vrugteloos word in hulle eie oë en verduister word in hulle onverstandige hart. Die gevolg is dat hulle woon in ’n wêreld van leuens en bedrog. Hulle mis die lig om moreel of geestelik te kan leef. Hulle leef in ’n wêreld waar mense die ware God nie ken nie en geen krag kan vind om te doen wat goed is in sy oë nie. In só ’n wêreld ly mense en veroorsaak hulle dat ander mense ly!

2. Mense ly omdat hulle onregverdig is.

Lees Romeine 1:24-32.
Ontdek en bespreek. Waarom bly mense ly in hierdie wêreld?
Aantekeninge. Mense bly ly, omdat hulle voortgaan om ongeregtigheid te doen. Mense wat onregverdig is, het 'n verkeerde verhouding met hul medemens. Mense doen verkeerde dinge teenoor mekaar. Hulle trek mekaar na onder toe in 'n onsedelike en verdorwe leefstyl. Hulle bedink maniere om verkeerde dinge te doen en doen ook elke denkbare verkeerde ding aan mekaar. Dink maar aan die lys in Romeine 1:28-32 – geestelike arrogansie en haat teenoor God, seksuele immoraliteit en perversie, kommersiële hebsug en bedrog, sosiale geskinder en grootpratery en politieke onsinnigheid en trouloosheid. Mense is vol kwaad en doen net kwaad. Hulle bedink kwaad en keur die kwaad goed. Geen wonder dat mense wat hierdie dinge teenoor mekaar doen almal ly nie!

3. Mense ly omdat hulle die waarhede van God onderdruk of verdraai.

Lees Lukas 5:31-32; Johannes 9:39-41; Romeine 1:18,23,25; 1 Johannes 1:8 – 2:2.
Ontdek en bespreek. Watter dinge m.b.t. die waarheid veroorsaak lyding?
Aantekeninge.

(1) Mense onderdruk die waarheid of vervang die waarheid met die leuen.

Dit veroorsaak lyding. Nét wanneer 'n mens die waarheid oor sy siekte wil hoor, kan 'n dokter hom daarmee help. 'n Mens wat ontken dat hy 'n probleem het, kan nie gehelp word om sy probleem op te los nie (Lukas 5:31-32). Nét/ wanneer 'n mens die waarheid oor sy sondes wil hoor, kan Jesus Christus hom van sy sondes verlos. 'n Persoon wat ontken dat hy sondig is, mislei homself (1 Johannes 1:8 – 2:2). Nét wanneer 'n mens die waarheid glo dat Jesus Christus die Enigste Weg na God en die verlossing is, sal hy uit sy slawerny verlos word (Johannes 8:31-36) en sal hy volkome verlos word: d.i. nooit meer honger of dors hê en nooit verwerp word nie (Johannes 6:35-37).

(2) Wat is waarheid?

'Die waarheid' is kennis aangaande die God van die Bybel en wat Hy sê en doen (Johannes 14:6; 17:17).

Die waarheid is wat die Bybel sê oor die natuurlike mens (die mens wat sonder God leef). Sonder die God van die Bybel kan jy die waarheid oor jouself of oor die sin van die lewe nie te wete kom nie. Sonder God probeer die mens logiese en redelike antwoorde te gee op die fundamentele vrae in die lewe: "Waar kom ek vandaan?" "Wie is ek?" "Waarom is ek hier?" "Hoe moet ek lewe?" "Waarheen is ek oppad?" Sonder die God van die Bybel bly hulle antwoorde nie die waarheid nie.

Die waarheid is wat die Bybel oor Jesus Christus sê: "Wie Jesus Christus *ontvang*, ontvang God" (Matteus 10:40). "Wie Jesus Christus *verwerp*, verwerp God" (Lukas 10:16). Wie Jesus Christus *eer*, eer God (Johannes 5:23a). "Wie nie Jesus Christus *eer nie*[2], eer ook God nie" (Johannes 5:23b). Alleen die wat God aan Jesus Christus gee, kom na Christus toe en sal nooit verstoot word nie (Johannes 6:37,44). Wie Jesus Christus *ken*, ken God" (Johannes 8:19). "Wie Jesus Christus *liefhet*, het God lief" (Johannes 8:42). "Wie in Jesus Christus *glo*, glo in God" (Johannes 12:44). "Wie *luister* na die woorde van Jesus Christus, luister na God" (Johannes 12:47-50). "Wie Jesus Christus *aanneem*, neem God aan" (Johannes 13:20). "Wie Jesus Christus *sien*, sien God" (Johannes 14:9-10). "Wie die gebooie van Jesus Christus *gehoorsaam*, het God lief." "Wie die gebooie en onderrig van Jesus Christus gehoorsaam, sal die liefde en aanwesigheid van God ervaar" (Johannes 14:21,23). Jesus Christus gee die ewige lewe, openbaar God en doen voorbidding vir die mense wat God aan Hom gee (Johannes 17:2,6,9). "Wie Jesus Christus *erken*, erken God (1 Johannes 2:23a)". "Wie Jesus Christus *nie erken nie*, erken God nie" (1 Johannes 2:23b). "Wie Jesus Christus *bely*, God bly in hom en hy in God" (1 Johannes 4:15). "Wie God die Vader *liefhet*, het ook God die Seun lief" (1 Johannes 5:1). "Wie nie *by die leer oor Jesus Christus bly nie*, erken God nie" (2 Johannes 9).

Die waarheid is wat die Bybel oor 'n Christen sê.

- Diegene wat in Jesus Christus glo, het egte sekerheid: hy weet dat God hom onvoorwaardelik lief het en permanent aanvaar het (Jesaja 43:1-4)!
- Diegene wat in Jesus Christus glo, het ook 'n ware sinvolle lewe: hy weet dat sy lewe belangrik, betekenisvol en vrugbaar is (Jeremia 29:11; Johannes 15:5)!

Sonder God kan geen mens hierdie twee belangrike waarhede besef nie en sal hulle in hul onkunde en wanhoop bly ly.

(3) Die waarheid is onlosmaaklik verbind aan God en sy woorde en dade in die Bybel.

Wanneer mense *die waarheid onderdruk of vervang met 'n leuen*, sondig hulle teen hulle eie gewete. Mense wat in valse geloofsoortuigings en waardes glo, het nie 'n goeie verhouding met hulleself nie! Die waarheid oor die God van die Bybel, oor wat Hy gesê en gedoen het, oor die toestand van die natuurlike mens en oor die bestemming van hierdie wêreld word dikwels doelbewus onderdruk of doelbewus vervang met 'n leuen. 'n Regering van 'n land wil hulle nie graag onderwerp aan 'n geestelike en morele mag hoër as hulleself nie. Ryk, invloedryke, magtige en intellektuele mense onderdruk of vervang dikwels die waarheid, omdat die waarheid vereis dat hulle hul verkeerde leefstyl moet verander. So lank as wat 'n regering of 'n individu weier om te verander en dus onregverdig en selfsugtig blý, sal hy

[2] Bv. die ander godsdienste.

voortgaan om die waarheid te onderdruk of te vervang met ’n leuen, tot hulle eie voordeel. Die gevolg is dat ander mense ly.

Van nature het die mens:

- ’n *verkeerde verhouding tot die God* van die Bybel – hy is goddeloos.
- *’n verkeerde verhouding tot sy medemens* – hy is onregverdig.
- en ’*n verkeerde verhouding tot homself* – hy glo in leuens.

Die Bybel beskryf hierdie drie verkeerde verhoudings met één woord: sonde. Die werklike rede waarom daar soveel lyding in die wêreld is, is sonde: die feit dat mense die doel van God met hul lewe mis !

4. Mense ly deur die werklikheid van die dood.

Lees Prediker 9:2-12; Romeine 6:23.
Ontdek en bespreek. Alle mense ly, omdat hulle die liggaamlike dood vrees. Waarom is mense bang vir die dood?
Aantekeninge. Alle mense ly, omdat hulle sal sterf. En omdat alle mense gesondig het, sal alle mense ook sterwe.
Die dood is so vreeslik, dat baie mense nie eers oor die dood wil praat nie. Die liggaamlike dood is vir baie mense die klimaks van die lyding. Mense vrees die liggaamlike dood, omdat die liggaamlike dood skeiding beteken:

- *Die skeiding van jou menslike gees* van jou menslike liggaam: jou liggaam keer terug na die stof van die aarde en jou gees (siel) gaan of na die hemel of na die hel.
- *Die skeiding van jou geliefdes* op die aarde: jy moet hulle agterlaat!
- *Die skeiding van jou besittings*, verlies van jou opleiding, verlies van jou loopbaan, al die dinge wat jy verwerf het in jou lewe hier op aarde en posisie op die aarde word agtergelaat. Niks waarvoor jy so hard gewerk het in jou lewe, kan jy in die dood met jou saamneem nie. “Ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie” (1 Timoteus 6:7).

Die dood is ook vreeslik vir die mense wat agterbly. Hulle geliefde is van hulle geskei en hulle sal hom/haar voortdurend mis. Soms ly hulle omdat hulle nie verseker weet of hulle dierbare geliefde wat gesterf het hemel toe gegaan het of nie. Hulle is self bang vir die dood, omdat hulle nie weet wanneer hulleself sal sterwe nie en wat om te verwag na die dood nie. Die werklikheid van die dood laat alle mense ly.

5. Mense ly as gevolg van die werklikheid van God se oordele.

(1) Alle mense ly onder die huidige oordele van God.

Lees Galasiërs 6:7-8; Amos 4:6-12; Haggai 1:6-10; Esegiël 14:21.
Ontdek en bespreek. Hoe veroorsaak God se huidige oordele lyding op die aarde?
Aantekeninge.
Mense ly omdat God toelaat dat sy ingeboude oordele mense tref wat sy wette oortree. God het wette in sy skepping ingebou. As hierdie wette oortree word, bring dit outomaties straf met dit saam. “Wat ’n mens saai, dit sal hy ook oes” (Galasiërs 6:7-8). As mens byvoorbeeld die fisiese swaartekragwet nie in aanmerking neem nie en van ’n hoë gebou afspring, sal hy waarskynlik hom dood val. So het God ook geestelike en morele wette in sy skepping ingebou. As ’n mens God se geestelike en morele wette oortree, sal jy gestraf word en sal jy ook ly. ’n Lui mens oes armoede. ’n Handelaar in dwelmmiddels oes verslawing aan dwelmmiddels. As ’n mens byvoorbeeld God se morele wet teen seksuele immoraliteit ignoreer, kan God hom straf met een of ander geslagsiekte. ’n Mens wat wapens opneem, sal deur wapens vergaan.

Mense ly omdat God sy oordele bring oor mense wat Hom ignoreer, verwerp of ongehoorsaam is. God beheer die heelal, wat die historiese gebeurtenisse en die natuurkragte insluit. Wanneer mense ongehoorsaam is aan God of wanneer die verhouding met die lewende God verbreek word *dan onttrek God sy sorg vir die wêreld en bring sy oordele oor die wêreld* en dan ly mense. God kan byvoorbeeld die basiese voorsiening in die behoefte aan voedsel en kleding van mense wegneem. Hy kan daarvoor sorg dat hulle geldbeursie ’n gat in kry en Hy kan al hulle hoë verwagtings laat verdwyn (letterlik: wegblaas)(Haggai 1:6-10)! God gebruik allerlei rampe soos aardbewings, oorstromings, droogtes, peste, ongelukke in die geskiedenis om sy ontevredenheid met die sonde te wys en mense te waarsku om terug te draai na Hom toe (Esegiël 14:21; vergelyk Openbaring 8:6 – 9:21). God sê: “...maar julle het julle nie tot My bekeer nie ... Israel, maak jou gereed om jou God te ontmoet” (Amos 4:6-12)!

(2) Goddelose en onregtverdige mense sal nog erger ly onder die laaste oordeel van God.

Lees Hebreërs 9:27; Matteus 25:46; 2 Tessalonisense 1:8-9.
Ontdek en bespreek. Wat sal die allerergste lyding wees?
Aantekeninge. Die allerergste lyding sal God se ewige straf in die hel wees. Na die liggsamlike dood kom daar verseker die laaste oordeelsdag. Dan sal God alle mense oordeel vir hulle goddeloosheid, ongeregtigheid, valse geloofsoortuigings en verwerping van Jesus Christus. Die ongelowiges en onregverdiges sal Hy verdoem tot ’n ewige skeiding van God en hulle sal dag en nag tot in ewigheid gepynig word. Die lyding ná die laaste oordeelsdag is veel erger as die liggaamlike dood! Alle nie-Christene, alle ongelowiges en alle onregverdiges sal in die toekomstige bedeling ly. Dit is ’n doodernstige saak! Die lyding na die laaste oordeel sal baie erger wees as die huidige lyding op hierdie aarde!

C. CHRISTENE LY OMDAT HULLE GOEIE DINGE DOEN

Inleiding. Christene moet onderskei tussen die lyding vir die doen van kwaad en lyding vir die doen van die goeie. Christene word opgeroep om nie die lyding vir die doen van kwaad te soek nie, maar om die lyding vir die doen van die goeie te verduur. Die profete in die Ou-Testamentiese periode het dikwels gely omdat hulle gedoen het wat reg is in die oë van die God van die Bybel. Die apostels in die Nuwe-Testamentiese periode het gely omdat hulle gedoen het wat goed was in die oë van die God van die Bybel. En Christene word geroep om te ly omdat hulle doen wat goed is in die oë van die God van die Bybel.

1. Christene ly omdat hulle nie hulle omstandighede kan verander nie.

Ontdek en bespreek. Hoe sou Christene hulle moet gedra in moeilike omstandighede?

(1) Soms woon Christene in 'n moeilike land.

Lees Handelinge 17:25-27.
Aantekeninge. Christene ly dikwels omdat hulle hul uiterlike omstandighede nie kan verander nie. "Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon." "God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind" binne die grense van tyd en ruimte! Dit beteken nie dat 'n mens nie mag probeer om sy omstandighede te verander as hy dit kan doen nie. God het aan mense bepaalde vermoëns en geleenthede geskenk om die beste van hulle omstandighede te maak!

(2) Soms is Christene slawe van aardse base.

Lees 1 Petrus 2:18-20; Efesiërs 6:5-9; Kolossense 3:22 - 4:1; Matteus 5:6; Handelinge 5:29.
Aantekeninge. Om 'n slaaf te wees is 'n moeilike saak. Baie vrouens is vandag nog slawe in hulle eie huis vanweë godsdienstige en kulturele redes. Baie kinders in arm lande word geforseer om as slawe vir hebsugtige werkgewers teen hongerlone te werk. Baie vreemdelinge word uitgebuit en kry onredelike lae lone vir hulle harde werk.

Hoe sou Christene slawerny moet beskou? Gedurende die Nuwe-Testamentiese periode was slawerny nog algemeen en slawe het onder hulle gevoellose base gely. 1 Petrus 2:18 sê: "Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik." Hierdie slawe het in die huise van hulle base gewerk en het daagliks met hulle base kontak gehad (Lukas 12:35-48), anders as die slawe wat onder toesig van opsigters moes werk (Eksodus 5:6). Die apostel Petrus het geleer dat hierdie huisslawe hulle moes onderwerp aan hulle base en hulle moes gehoorsaam, *omdat weerstand geen sin het nie en maar net hulle behandeling sou vererger*. Hulle moes hulle onderwerp met innerlike ontsag en uiterlike respek, omdat God dit van hulle verwag. Hulle moet hulle nie net onderwerp aan vriendelike base nie, maar ook aan die verkeerde base. Die woord 'verkeerd' beteken: eiewys, onredelik, nukkerig, onvoorspelbaar en onregverdig. Die apostel Petrus eis dat huisslawe wat Christen is hulle base moet bly dien, óók as hulle onredelik en hard is.

Hoe sou Christene die moderne 'werkgewer-werknemer' verhoudings moet beskou? Die vroeëre 'baas-slaaf' verhoudings mag op die moderne 'werkgewer-werknemer' verhouding toegepas word. Die Bybel beklemtoon dat werknemers wat Christene is, hulle met ontsag en respek moet onderwerp aan hulle werkgewers. Christen werknemers ly dikwels onder die onregverdige reëls en onredelike eise van hulle werkgewers. Soms maak werkgewers asof hulle die eienaars is van hulle werknemers en dat hulle alles van hulle mag verwag. Sommige werkgewers eis dat hulle werknemers oortyd moet werk sonder om daarvoor vergoed te word. Ander werkgewers laat hulle werknemers in ongesonde en gevaarlike werksomstandighede werk. Ander werkgewers laat werknemers, wat desperaat is om werk te kry, baie hard werk vir 'n karige loon of forseer hulle om oortyd te werk. In sommige lande word lone selfs teruggehou (Jakobus 5:1-6) of word kinders gedwing om te werk sonder om hulle daarvoor te vergoed of opleiding te gee. Sulke omstandighede laat sowel Christene as nie-Christene ly.

Christene moet hulle met ontsag en respek onderwerp aan hierdie moeilike omstandighede, hard werk, hulle werk goed doen, getrou en eerlik wees, waarskynlik om so oor Jesus Christus te kan getuig teenoor hulle werkgewers (vergelyk Matteus 10:16-20)! Intussen mag en moet Christene alles in hulle vermoë doen om hulle onregverdige omstandighede te verbeter, maar hulle moet altyd met respek oor hulle werkgewers en met hulle werkgewers praat.

Maar as hulle werkgewer van hulle eis dat hulle *dinge moet doen wat in die Bybel verbied word*, moet hulle hul werkgewer met respek en sagmoedigheid weerstaan. Onder geen omstandighede hoegenaamd, byvoorbeeld, mag 'n Christen werknemer deel wees van omkopery, bedrog, leuens, diefstal, seks-gerelateerde handelingen, ens., nie. En as hulle werkgewer hulle dreig, moet hulle aan hulle werkgewer sê dat hulle God méér gehoorsaam moet wees as enige mens op die aarde (Handelinge 4:19-20; 5:29). En as hulle werkgewer hulle straf of ontslaan, moet hulle hul lyding met respek verdra.

2. Christene ly omdat hulle regverdig leef.

Ontdek en bespreek. Hoe sou Christene hulle moet gedra wanneer hulle ly omdat hulle doen wat goed is in God se oë?

(1) Die profete in die Ou Testament is vervolg.

Lees Hebreërs 11:36-37.
Aantekeninge. Daar staan die volgende: "Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap.

Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel."

(2) Christene sal vervolg word.

Lees Matteus 5:10-12; Hebreërs 10:33-34; 2 Timoteus 3:12.
Aantekeninge. In Matteus 5:10-12 sê Jesus: "Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg". Christene word dikwels vervolg, omdat hulle *regverdig* is. Dit beteken dat hulle lewens in ooreenstemming met die heilige wil van God is (iets wat nie-Christene hulle aan stoor).

Ander mense word diep in hulle gewete geraak as Christene in ooreenstemming met die Bybel leef, doen wat reg is in die oë van die God van die Bybel en haat wat sleg is in die oë van die God van die Bybel. Daarom vervolg hierdie mense die Christene! Die onregverdige mense wil graag hê dat regverdige mense by hulle aansluit en saam deel in die onreg (Johannes 3:19-21).

Deur die eeue heen word Christene ter wille van Jesus Christus vervolg.

- Christene word 'ateïste' of 'ongelowiges' genoem omdat hulle nie deelneem aan die aanbidding van sigbare selfgemaakte gode[3] of onsigbare self uitgedinkte gode[4].
- Christene word 'spioene' en 'verraaiers' genoem, omdat hulle dikwels op geheime plekke bymekaarkom om te ontsnap aan die vervolging van die politieke en godsdienstige leiers van hulle land.
- Christene word daarvan beskuldig dat hulle geen 'patriotte' of 'nasionaliste' is nie, omdat hulle weier om die politieke of godsdienstige meerderheid van die land te volg en lojaal bly aan 'n ander Koning en sy Koninkryk (Filippense 3:20).

Hebreërs 10:33-34 beskryf 'n ander vorm van lyding: "Deels is julle deur beledigings en vervolging openlik tot bespotting gemaak en deels het julle gely omdat julle julle vereenselwig het met ander wat hierdie dinge oorgekom het. Julle het met die gevangenes meegevoel gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat beter en blywend is."

Die lyding van Christene neem verskillende vorms aan. Byvoorbeeld, sommige Christene:

- sterf as martelare
- ly omdat hulle besluit het om nie met 'n nie-Christen in die huwelik te tree nie
- verloor hulle werk, omdat hulle weier om betrokke te raak in duister praktyke soos, omkopery, bedrog, korrupsie en leuens.
- ly omdat hulle weggehou word uit skole en universiteite en regeringsposte of ontslaan word uit hulle loopbaan as onderwyser by skole, ens., alleen omdat hulle openlik bely dt hulle Christenen is en in die lig en die waarheid bly staan.

Christene kan verdrukking en vervolging nie vermy nie. In 2 Timoteus 3:12 sê Paulus: "Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolg word."

3. Christene ly omdat hulle oor Jesus Christus getuig.

(1) Christene ly omdat hulle getroue getuies van Jesus Christus is.

Lees Matteus 10:16-20; Handelinge 20:29-31; 1 Petrus 4:15-16.
Ontdek en bespreek. Hoe sou Christene hulle moet gedra as hulle uitgestuur word om te getuig?
Aantekeninge. Christene ly dikwels omdat hulle getroue getuies van Jesus Christus is. Christene word uitgestuur, nie om vervolging te sóék nie, maar om die evangelie te verkondig, die boodskap van die Bybel te leer en mense te help. Jesus Christus het hulle uitgestuur onder die 'wolwe', d.w.s., onder mense wat hulle met boosheid en geweld behandel. Die apostels (die woord beteken: uitgestuurde) verteenwoordig Jesus Christus onder die mense. Jesus Christus praat en werk deur hulle, beskerm hulle as dit nodig is en is saam met hulle in elke situasie.

Christene behoort lyding met onskuld en wysheid te verdra. Die apostels moet "versigtig soos slange" wees (Matteus 10:16). Die versigtigheid en behoedsaamheid van slange het 'n spreekwoord in Israel geword. Ook Christene moet behoedsaam wees in alles wat hulle doen. Hulle moet probeer om insig te kry in die mense teenoor wie hulle getuig en probeer om agter te kom wat die beste manier sou wees om teenoor hulle te getuig. Die apostels moet ook "opreg soos duiwe" wees. Duiwe verteenwoordig 'volmaaktheid, smetteloosheid, onberispelikheid' in Israel (Hooglied 5:2). Dit beteken dat Christene nooit kompromieë met die kwaad moet aangaan nie.

Christene behoort nie te ly omdat hulle kwaad doen nie. "Pas op vir die mense" (Matteus 10:17) sluit die volgende in: Christene moenie op 'n naïewe manier mense vertrou nie, want sommige mense sal hulle verraai. In die samelewing waarin Jesus Christus geleef het, was die godsdienstige leiers en leermeesters voortdurend besig om Hom in 'n strik te vang, want hulle het 'n klag gesoek om Hom te veroordeel en dood te maak (Matteus 12:10; Johannes 8:6). Selfs één van sy eie dissipels het Hom verraai. Nadat Jesus Christus opgevaar het na die hemel toe, het hierdie mense oortgegaan

[3] bv. in die Hindoeïsme
[4] bv. in die Islam

om die volgelinge van Jesus Christus te haat en te vervolg. Moenie val vir die strikvrae van jou vyande nie, maar bid vir wysheid hoe om hulle strikvrae te beantwoord. Christene moet hulle vyande nie onnodig kwaad maak nie. En Christene moenie dinge doen wat hulle vyande 'n wettige rede gee om hulle aan te kla nie. 1 Petrus 4:15-16 sê die volgende: "As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie. Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik."

Christene behoort hulle vervolgings te sien as geleenthede om teenoor regeringsamptenare te getuig. Jesus het aan sy dissipels gesê: "Ook voor goewerneurs en konings sal julle gebring word ter wille van My. Dit sal julle geleentheid wees om voor hulle en voor die heidennasies van My te getuig" (Matteus 10:18). Jesus en sy dissipels is oorgelewer aan die plaaslike Joodse geregshowe, wat meeste van die tyd in sinagoges gehou is. Die straf vir bepaalde oortredings in die tyd was houe met 'n sweep. Die maksimum sweepslae is op 39 gestel (2 Korintiërs 11:24). Die Christene is voor hoë regeringsamptenare soos goewerneurs en konings gesleep om deur hulle veroordeel te word. Dit het met Jesus Christus en ook met die apostel Paulus gebeur. Dit is belangrik om daarop te let dat Jesus gesê het dat die doel van hulle vervolging en lyding is om teenoor die regters oor Hom te getuig! *Soms is vervolging die enigste moontlike manier waarop die polisie, die regters en die regeringsamptenare die boodskap van God se liefde en vergewing sal hoor.* Christene moet hulle nie bekommer oor wat hulle dan moet sê nie, omdat die Heilige Gees hulle sal herinner aan die woorde van Jesus Christus en hulle sal inspireer en die moed en vrymoedigheid sal gee om te getuig (Matteus 10:19-20).

(2) Christene behoort hierdie soort lyding te sien as deelhê aan die lyding van Christus.

Lees Handelinge 26:14; Romeine 8:17; 2 Korintiërs 1:5; Kolossense 1:24; 1 Petrus 4:12-14.
Ontdek en bespreek. Hoe behoort Christene hulle lyding te beskou?
Aantekeninge.

Die lyding van die Here Jesus Christus. Jesus Christus is die volgende genoem:' die duiwel' (Matteus 10:25), ''n (veragte) Samaritaan' (vreemdeling)(Johannes 8:48), ' 'n duiwelsbesetene' en 'mal' (Johannes 10:20). Hy is deur slegte mense van hierdie wêreld gehaat (Johannes 15:18-21). Die owerhede het 'n komplot gesmee om Hom met 'n listige plan te gryp en dood te maak (Matteus 26:3-4). Die Joodse owerheid het vir die skyn hofsittings gehou en valse getuies laat optree (Matteus 26:59-60). Die soldate het Hom in die gesig gespoeg, Hom met vuiste geslaan (Matteus 26:67), Hom vasgemaak en weggelei as 'n misdadiger (Matteus 27:1-2). Die Romeinse owerheid het sy klere van Hom afgestroop, 'n doringkroon op sy kop gedruk, die spot met Hom gedryf, op Hom gespoeg, Hom herhaaldelik met 'n staf op sy kop geslaan (Matteus 27:27-31) en uiteindelik sy hande en voete met lang ysterspykers aan 'n kruishout vasgespyker (Matteüs 27:35)! En tóg was Hy heeltemal onskuldig!

Die lyding van die apostel Paulus. Vóór sy bekering het Paulus alles gedoen wat hy kon teen die Naam van Jesus Christus. Hy het Christene gevange geneem, hulle gedwing om Jesus Christus te verloën, hulle laat gesel in die sinagoges en saamgestem met die doodstraf teen hulle (Handelinge 26:9-11). Later het Paulus dieselfde vervolging deurgemaak. Hy is herhaaldelik gevange geneem, vyf keer het hy van die Jode nege en dertig houe met 'n sweep gekry, drie keer is hy met 'n stok geslaan en éénmaal byna met klippe doodgegooi. Hy was voortdurend in gevaar van sy volksgenote (godsdienstige Jode) se kant af, ook van die kant van die heidene (nie-Christene), en ook van die kant van valse broers (naam-Christene), buiten gevaar in stede, woestyn en see (2 Korintiërs 11:23-26). Paulus het die littekens van die Here Jesus in sy liggaam gedra (Galasiërs 6:17).

Deelhê aan die lyding van Jesus Christus. Christene behoort hierdie soort lyding te beskou as deelhê aan die lyding van Jesus Christus" (Romeine 8:17; 1 Petrus 4:13). Wanneer Christene ly ter wille van hulle geloof in Jesus Christus of vanweë hulle getrouheid aan sy Woord, dan "is daar 'n oorvloed van lyding ter wille van Christus" (2 Korintiërs 1:5). Wanneer mense Christene vervolg, dan vervolg hulle eintlik Jesus Christus! Voor sy bekering het Paulus Christene vervolg en toe het Jesus vir hom gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?" (Handelinge 26:14). Die vervolging van Christene is in werklikheid 'n vervolging van Jesus Christus! Dít beteken dat wanneer jy as Christen vervolg word, jy nooit ver is van die nabyheid, liefde, troos en krag van Jesus Christus nie!

Die kwota van noodsaaklike verdrukking van Christus word volgemaak. In die Bybel word die lyding van Christene beskou as die lyding van Christus. Maar nêrens word die lyding van Christene voorgestel asof dit iets bydra tot die verlossingswerk van Christus nie. Die lyding van Christene "maak (letterlik) alleen die kwota noodsaaklike verdrukkinge van Christus (d.w.s. van die Liggaam van Christus, die kerk/Gemeente) vol" (Kolossense 1:24) (ANV: Paulus verduur sy deel daarvan ter wille van sy liggaam, die kerk). Die lyding van Jesus Christus aan die kruis op die aarde was vir die versoening van sondes en is 'n heilshistoriese unieke gebeurtenis! Geen mens het hieraan deel gehad of iets bygedra nie! Maar Jesus Christus in die hemel bly deelhê aan die lyding (onderdrukking en vervolging) van sy Liggaam (die Kerk/Gemeente) op die aarde.

Deelhê aan die heerlikheid van Jesus Christus. Romeine 8:17 sê "Aangesien ons deel het aan sy lyding ... sal ons ook deelhê aan sy heerlikheid!" Net soos Christene nie die lyding, dood en opstanding van Jesus Christus kan los dink van die Christene vir wie en in wie se plek Hy dit alles gedoen het nie, so kan ook die heerlikheid wat Jesus Christus as erfenis vir die verlossingswerk wat Hy volbring het nie los gedink word van Christene nie. Die toekomstige heerlikheid van Christene is presies dieselfde as dit van Jesus Christus (Johannes 17:24)! Maar deelhê aan hierdie toekomstige

heerlikheid gaan gepaard met deelhê aan die teenwoordige lyding. Die één kom nie sonder die ander tot stand nie. Die lyding en die daaropvolgende heerlikheid is vir Jesus Christus toegedeel (Filippense 2:6-11). Dieselfde volgorde geld ook vir Christene wat mede-erfgename van Christus is.

D. DIE REAKSIE OP DIE LYDING

1. Verskillende reaksies op die lyding in die geskiedenis.

Ontdek en bespreek. Hoe reageer die volgende mense op die lyding?
Aantekeninge. Hierdie voorbeelde is nie normatief nie en leer ons dus nie hoe ons op die lyding moet reageer nie.

(1) God se oordeel of vloek afroep.

Lees Psalm 10:15; 58:7.
"(Letterlik:) Breek die arm (ANV: Verbreek tog die magsgreep) van die goddelose en van die midadiger", "Ruk hulle tande uit hulle mond". Dit is gebede waarin die oordeel of vloek van God afgeroep word.

Maar Jesus Christus leer ons hoe Christene op die lyding moet reageer: "Seën die wat vir julle vervloek, en bid vir die wat julle beledig" (Lukas 6:28). En Paulus leer ons: "seën die wat julle vervolg, seën en moenie vervloek nie; " (Romeine 12:14).

(2) Dreiging of vergelding (wreek).

Lees Matteus 5:38-42. Sommige mense is sleg en wil maar net vergeld. Hulle eis: " 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand". Hulle doen dieselfde kwaad wat andere aan hulle gedoen het. Sommige kulture is sleg en leer die sogenaamde 'eerwraak' of 'eermoord'. Hulle leer dat die eer van 'n mens, of familielid of selfs 'n godsdiens hoog gehou moet word deurdat iemand wat aan die skuldige party behoort vermoor moet word! So vermoor bepaalde families mekaar al vir eeue lank en so ontstaan ekstremistiese godsdienste met hulle terroriste en sogenaamde heilige oorloë. Veral Christene is in baie lande slagoffers van heilige oorloë.

Jesus Christus het geleer hoe ons Christene moet reageer op die lyding wat deur slegte mense veroorsaak word. Hy het gesê: "Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie" (Matteus 5:39). En toe een van sy dissipels met 'n swaard die oor van sy vyand afslaan, het Jesus hom onmiddellik genees (Lukas 22:50-51) en gesê: "*Almal* wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom" (Matteus 26:51-52)! Toe Jesus Christus beledig is, het Hy nie terugbeledig nie. Toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel" (1 Petrus 2:21-23).

(3) Jesus Christus verloën.

Lees Matteus 10:17-20,32-39. Sommige mense raak bang in reaksie op vervolging en verloën Jesus Christus voor hulle familie, hulle gemeenskap en hulle regering. Hulle is bang om te ly en ontken dan dat hulle Christene is. Maar Jesus Christus waarsku Christene ernstig om Hom nie te verloën nie. Hy het gesê: "Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie." 'Die kruis opneem' simboliseer dat 'n Christen gewillig is om verwerping, beskuldigings, skande, slae en selfs die dood ter wille van Jesus Christus deur te maak. Jesus Christus leer ons hoe Christene sou moet reageer: "Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê". Vervolgings en lyding is soms die enigste manier waarop die polisie, regters, regeringsamptenare en ander godsdiensleiers die evangelie sal hoor! Deur die eeue heen is dit al oor en oor bewys dat "die bloed van die martelare die saad van die evangelie is".

(4) Stil bly.

Lees Matteus 10:33; 2 Timoteus 2:11-13. Sommige mense wat onder druk geplaas word, is bang om te bely dat hulle Christene is. Maar die apostel Paulus waarsku hulle: "as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën; as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie " (2 Timoteus 2:12b-13). Dit beteken *nie* dat Christus die ewige lewe sal gee aan mense ten spyte van die feit dat hulle Hom verloën het nie! Dit beteken dat Jesus Christus nie alleen getrou is aan sy beloftes nie (Matteus 10:32; 2 Timoteus 2:11-12a), maar ook *getrou bly aan sy dreigemente* en die uitvoering van sy dreigemente (Matteus 10:33; 2 Timoteus 2:12b).

Meestal wil Jesus Christus dat Christene hulle monde oopmaak en teenoor hulle vervolgers getuig. In die meeste gevalle het Jesus Christus ook openlik gesê wat reg is. Toe Hy onregmatig geslaan is, het Hy gesê: "As wat Ek gesê het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd; maar as dit reg was, waarom slaan jy My?" (Johannes 18:23). En as die uitsprake nie help nie, het Hy vir sy vyande gebid: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!" (Lukas 23:34).

Maar in sommige omstandighede mag Christene die voorbeeld van Jesus Christus volg deur stil te bly en niks te sê nie. Christus het byvoorbeeld geen antwoord gegee toe Hy valslik beskuldig is of toe sy vyande die spot met Hom gedryf het (Matteus 26:59-64; 1 Petrus 2:21-23).

(5) Bly regverdig lewe.

Lees 1 Korintiërs 4:9-13; 2 Korintiërs 11:23-29; 2 Timoteus 3:10-12. Die apostel Paulus het verskillende reaksies op sy lyding gehad. In armoede het hy hard bly werk met sy eie hande. Wanneer mense kwaad van hom gepraat het, het hy vriendelik terug gepraat. As hulle hom vloek, het hy hulle geseën. Hy het baie vervolging verdra, maar nie opgehou om vir die gemeentes te sorg nie. Hy was bewus daarvan dat hy 'n voorbeeld stel vir ander Christene. Hulle het van sy

manier van lewe geleer, sy doel in die lewe, sy geloof, sy geduld, sy liefde en sy volharding in al sy vervolgings en lyding.

2. Verskillende moontlike reaksies op lyding.

(1) Vermy die lyding.

Lees Deuteronomium 10:17-18; 16:17-18; Eksodus 23:8.
'n Christen kan in die versoeking kom om vervolging vry te spring deur aan sy vervolger omkoopgeld aan te bied. Maar die God van die Bybel ontvang geen omkoopgeskenke nie (Deuteronomium 10:17-18)! God se regverdige regters ontvang ook geen omkoopgeskenke nie (Deuteronomium 16:18-20)! Christene mag nooit betrokke raak by die ontvang of gee van omkoopgeskenke nie (Eksodus 23:8)!

'n Christen kan in die versoeking kom om vervolging vry te spring deur in te stem met die onregverdige eise van die vervolger. Maar só word die Christen net so onregverdig as sy vervolger. 'n Christen moet aan sy werkgewer of sy regering vertel dat hy niks sal doen wat die Bybel verbied nie!

(2) Van die lyding wegvlug.

Lees Matteus 10:11-14,23.
Die Christen probeer eers om die boodskap van die Koninkryk van God te verkondig en goed te doen op 'n plek. Maar as die mense van die plek weerstand bied, moet die Christen na 'n ander plek toe gaan. En as dié mense van die plek hom ook teenstaan, moet die Christen weer verder trek.

(3) Die lyding weerstaan.

Lees Romeine 12:17-19; 1 Timoteus 2:1-6.
Baie mense weerstaan die lyding. Hulle kom met petisies, organiseer stakings, optogte en weerstaan die owerhede d.m.v. *passiewe weerstand (geweld).* Ander mense weerstaan die owerhede met *aktiewe geweld*, versper paaie, gooi klippe, breek ruite, plunder winkels, verbrand motors, val die polisie aan, ens.

Terwyl Christene wel die owerhede moet inlig oor onreg in die samelewing, mag Christene nooit die owerhede uitskel of met gewelddadige aksies teenstaan nie. Christene moet nooit met dreigemente kom nie, nooit gewelddadige aksies uitvoer nie en nooit wraak neem nie. As hulle dit wel doen, *dan word hulle net so sleg as hulle teenstanders* en sal God hulle veroordeel. Christene mag ook nooit gebruik maak van bedrieglike metodes teen hulle teenstanders nie. 'n Christen kan nooit 'n terroris wees nie en 'n terroris kan nooit 'n Christen wees nie.

Maar as Christene onreg sien, moet hulle optree, die owerheid hiervan vertel en self die hande uit die moue steek en iets daaromtrent doen. As die owerheid egter baie korrup is, is dit raadsaam om te oorweeg of jou vermaning wel enige effek sal hê. Dan moet die Christene bid vir die bekering van mense in die owerheid (1 Timoteus 2:1-6). Christene behoort betrokke te wees om mense te help wat ly onder die onreg van die owerheid of die onreg van hulle samelewing (Matteus 5:10; 25:37-40; Hebreërs 10:33-34; Spreuke 9:8-9).

(4) Die lyding verdra.

Lees 1 Petrus 2:21-23. Christene word geroep om in die lyding Jesus Christus te volg. "Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel." Ook Christene moenie terugskel of dreig nie, maar die onreg teen hulle aan God oorlaat. Moenie reageer teenoor die oortreder nie, maar teenoor God. Bid God om genade om die lyding te verdra. Vertrou jou lewe en omstandighede toe in die hande van die Almagtige God. Op die laaste oordeelsdag sal God alle mense oordeel vir hulle werke: hulle houdings, woorde en dade.

(5) Gebruik lyding om geregtigheid te versprei.

Lees Matteus 5:6,10,20,38-42; Hebreërs 10:32-34; 13:3; Matteus 25:37-40. Christene moenie weerstand bied teen die bose nie (Matteus 5:39). As 'n slegte mens hom slaan, moet hy hom die geleentheid gee om sy woede af te koel deur nog 'n keer te slaan. As 'n slegte mens jou besittings wil vat, moet jy hom nog meer van die besittings gee. As 'n slegte mens jou dwing om 'n swaar gewig vir één kilometer te dra, moet jy dit twee kilometer dra (Matteus 5:39-42). Die geregtigheid van 'n Christen moet oorvloediger wees as enige iets wat sy teenstander verwag (Matteus 5:20). Christene moet hulle vyande liefhê, goed doen aan dié wat hulle haat, seën dié wat hulle vervloek en bid vir dié wat hulle mishandel (Lukas 6:27-28). Christene moet honger en dors na geregtigheid (wat reg is in God se oë) (Matteus 5:6). Jesus Christus seën Christene wat vervolg word, omdat hulle doen wat goed is in sy oë (Matteus 5:10). Christene het meegevoel met mense in die gevangenis (Hebreërs 10:34) en dink aan hulle wat sleg behandel (gemartel) word in die gevangenis (Hebreërs 13:3). Christene moet aan die hongeriges iets gee om te eet en aan die wat dors is iets gee on te drink, die vreemdelinge moet gasvry onthaal word, dié wat nie klere het nie klere gee, en die siekes besoek (Matteus 25:37-40). Christene moet dinge doen wat enersyds die lyding van andere verlig en andersyds geregtigheid in die strukture van hulle land bring.

3. Verskillende sake wat lyding meebring.

Ontdek en bespreek. Watter standpunt, dink jy, moet Christene inneem in die volgende sake?

(1) Kinders straf.

Lees Spreuke 13:24. Die Bybel adviseer ouers om hulle kinders te straf as dit nodig is. Maar ouers en onderwysers mag nie houe op hulle kinders laar reën nie, byvoorbeeld met vuiste, op hulle rug, ens. en verwond nie. Hulle moet hulle kinders op ’n gepaste wyse straf, byvoorbeeld met ’n rottang of houtlepel op sy boude, omdat dit pyn veroorsaak, maar geen blywende skade aanrig nie.

(2) Aborsie.

Lees Eksodus 20:13; Psalm 139:13-18. Aborsie is die doodmaak van ongebore kinders. God skep kinders omdat Hy dit wil doen en Hy verbied die doodmaak van mense.

(3) Eutanasie.

Lees Markus 10:19. Eutanasie is die ‘goeie/sagte of barmhartige ”doodmaak” van mense wat ongeneeslik siek is of baie pyn verduur, of depressief is en geen behae in die lewe het nie. Maar God verbied die doodmaak van mense.

(4) Doodstraf.

Lees Genesis 9:5-6; Eksodus 21:12-14; Deuteronomium 22:25-27; Romeine 13:4. Die Ou-Testamentiese burgerwet beveel *die owerheid* om die doodstraf toe te pas op bepaalde baie ernstige oortreders soos verkragters, ontvoerders, moordenaars, ens. Wat dink jy sou die moderne samelewing moet doen met verkragters, ontvoerders, moordenaars, vervaardigers en verspreiders van dwelmmiddels, mense wat eerwraak pleeg, terroriste en mense wat ’n sogenaamde heilige oorlog teen byvoorbeeld Christene steun? Moet die moderne samelewing die doodstraf handhaaf? Moet hierdie oortreders lewenslange gevangenisstraf opgelê word? Of moet hulle na ’n kort gevangenisstraf weer vrygelaat word om nog soortgelyke misdade te pleeg?

E. DIE SIN (WAARDE) VAN LYDING

Inleiding. Die Bybel leer dat die lyding van Christene baie waardevol is. Christene weet dat God die lyding gebruik om karakter te bou, om Christene vrugbaar te maak in die lewe en later die hemel te beërwe.

Ontdek en bespreek. Wat is die voordele van lyding volgens die wil van God?

1. Die lyding bevorder gehoorsaamheid aan God se Woord.

Lees Psalm 119:67,71.
Die lyding bevorder gehoorsaamheid aan die Woord van God. Moeilikhede, verdrukkings, vervolgings en lyding dryf Christene om te soek na antwoorde, troos en krag in die Bybel.

2. Die lyding vorm karakter.

Lees Jakobus 1:2-4; vergelyk Romeine 5:3-5. Die lyding bou Christelike karakter. Wanneer ’n mens tot geloof in Jesus Christus kom, verander sy verhouding tot God. Omdat sy verhouding tot God verander, verander elke gebeurtenis in sy lewe ook! Voordat hij ‘n Christen geword het, het elke lyding sinloos gelyk. Maar nadat hy ’n Christen geword het, is het lyding nie meer sinloos nie, maar ontwikkel verskillende goeie karakter eienskappein die Christen. Byvoorbeeld:

(1) Die lyding bring blydskap.

’n Christen kan bly wees te midde van lyding omdat die lyding sinvol is. Hy beskou die lyding as iets wat God gebruik om aan hom goed te doen.

’n Christen verbly hom in die lyding ter wille van Christus (Handelinge 5:41). Hy beskou dit as ’n eer om ter wille van Jesus Christus te ly, omdat Jesus Christus die lyding van Christene beskou as lyding wat teen Hom gerig is (Matteus 25:40,45; Galasiërs 6:17; Kolossense 1:24; 1 Petrus 4:13-14).

’n Christen verbly hom ook te midde van die lyding, omdat hy die werklikheid, nabyheid en kragtige ondersteuning van God ervaar (Romeine 8:35-39; 1 Korintiërs 4:9-13; 2 Korintiërs 1:4-10; 11:23-30; 12:7-10; 2 Timoteüs 3:11-12). Hy verbly hom omdat sy lyding ’n geleentheid is waarin God sy krag om te help te midde van die lyding openbaar en hom dikwels ook van die lyding verlos ’n Christen verbly hom in lyding, omdat sy probleem nou God se moontlikheid geword het!

(2) Die lyding bring volharding.

Wanneer ‘n Christen ly, ontwikkel hy geduld en volharding. Enersyds leer hy om die lyding geduldig te verdra. Andersyds leer hy om in sy taak te volhard ondanks die lyding wat dit vir hom meebring. Die swakheid van ’n Christen is ’n geleentheid vir God om sy krag te openbaar (2 Korintiërs 12:9)! Wanneer ‘n Christen ly, soek hy God se hulp. Omdat God se hulp voldoende is, word sy geloof versterk en volhard hy in sy verhouding met Christus en in sy taak vir Christus.

(3) Die lyding bewerkstellig ’n beproefde karakter en integriteit.

Die Grieks gebruik die term: “dokimos” en dit beteken: beproef (getoets) en goedgekeur. God gebruik moeilikhede, verdrukkinge, vervolgings en lyding om Christene te beproef (toets). As die Christen tydens sy lyding volhard in die

geloof, *bewys* hy dat God getrou is aan hom en hy getrou is aan God. En wanneer 'n Christen bewys dat hy getrou bly in sy verhouding met Christus en sy taak vir Christus, plaas God sy *stempel van goedkeuring* op hom! Dit is asof God sê: Ek het jou op die proef gestel en jy het bewys dat jy opreg en eg is! Ek beskou jou as 'n beproefde en goedgekeurde Christen!" God stel dus die integriteit van 'n Christen op die proef as Hy toelaat dat die Christen deur verskillende moeilikhede moet gaan.

(4) 'n Beproefde karakter bring hoop.

As 'n Christen tydens die lyding opgee, word sy hoop of verwagting verswak. Hy begin te twyfel of hy wel kán oorwin. Maar as hy die lyding verdra en in die beproewing (toets) volhard, word sy hoop of verwagting dat hy kan oorwin maar net sterker.

3. Die lyding bring volwassenheid.

Lees Jakobus 1:2-4; Hebreërs 12:1-13. Die lyding bring Christelike volwassenheid. Volgens Jakobus bring versoekings en beproewings in die lewe Christelike volwassenheid of beter: volledigheid/volmaaktheid in Christelike karakter. Volgens Hebreërs bring praktiese opleiding en kastyding van God meer heiliging, geregtigheid en vrede.

4. Die lyding bring moed, vrymoedigheid en onbevreesde optrede.

Lees Filippense 1:12-14. Vervolgings bring vrymoedigheid. Die Skrifgedeelte sê: "Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het. Dit het daarop uitgeloop dat die helekeiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is. Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertroue op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig". Paulus is in kettings in 'n kelder in die gevangenis van Filippi opgesluit. Sy voorbeeld van lyding het ander Christene gestimuleerd om ook moedig te wees in hulle getuienis oor Jesus Christus. In Filippi het Romeinse soldate en wagte en selfs lede van die huishouding van die Romeinse keiser (Filippense 4:22) gelowiges in Jesus Christus geword.

5. Die lyding versprei die evangelie.

Lees 1 Tessalonisense 1:6-8. Vervolging versprei die evangelie boodskap. In 1 Tessalonisense 1:6-8 sê Paulus dat die ernstige vervolging van die Christene in Tessalonika veroorsaak het dat hulle geloof in Jesus Christus oral bekend geword het. As 'n Christen ly op 'n manier wat Jesus Christus eer, word sy lyding deur baie mense opgemerk. Ander Christene word dan ook bemoedig en vrymoedig, maar moet daarvoor ly. Die dood van Christene word 'die saad van die evangelie'. C.S. Lewis het gesê: "God *fluister* vir ons in ons vreugde, *praat* met ons in ons gewete, maar *skreeu* vir ons in ons pyn. Die lyding van Christene is God se megafoon om 'n dowe wêreld wakker te skud!"

6. Die lyding manifesteer die heerlikheid van Jesus Christus.

Lees 1 Petrus 4:14. Vervolging openbaar die heerlikheid van Christus in 'n Christen. As 'n Christen ly ter wille van Jesus Christus, is hy geseën, want die Gees van heerlikheid en van God rus op hom. As 'n Christen te wille van Christus ly, skitter die goddelike karaktertrekke in sy lewe. Hy het vreugde, vrede en vertroue in God wat alle menslike vermoëns hiertoe ver oortref! Die lydende Christen kan sy vyande en vervolgers vergewe, soos Jesus Christus dit gedoen het. Hy sal selfs tot die dood volhard, soos Jesus Christus dit gedoen het. Maar hierdie volharding in die Christen kan nie toegeskryf word aan die kragte van die liefde van die Christen vir God of iets anders in hom nie, maar nét aan die vrye liefde van God vir die Christen (Romeine 8:28-39).

7. Die lyding is 'n voorbereiding op die hemel.

Lees Matteus 5:11-12; 2 Tessalonisense 1:4-5. Vervolging berei die Christen voor vir die hemel. Alle vervolgings en beproewings wat die Tessalonisense ondergaan het, was 'n bewys dat God se oordele korrek was. Die Christene word waardig geag vir die Koninkryk van God, waarvoor hulle ly. In Matteus 5:11-12 het Jesus Christus gesê: "Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê. Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg."

5	GEBED (8 minute) *[REAKSIES]* GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD

Bid saam met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

6	VOORBEREIDING (2 minute) *[OPDRAGTE]* VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.
1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.

2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Lyding en die soewereiniteit van God” saam met ’n persoon of ’n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Openbaring 19 - 22. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Hersien die laaste 5 Bybelverse uit Johannes. (16) Johannes 16:8, (17) Johannes 16:13, (18) Johannes 16:14, (19) Johannes 17:15 en (20) Johannes 18:36. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Lees eenmaal die Evangelie van Johannes deur en maak jou eie samevatting van die Evangelie van Johannes aan die hand van die volgende vrae:
   - Gee ’n titel aan die Evangelie van Johannes.
   - Gee ’n titel aan elke hoofstuk van die Evangelie van Johannes.
   - Wat is die belangrikste leerstellige gevolgtrekkings in die Evangelie van Johannes?
   - Wat is die belangrikste praktiese lesse uit die Evangelie van Johannes?
   - Wat dink jy is die relevansie van die Evangelie van Johannes vir ons tyd en ons samelewing?
   - Gee ’n aanbieding (Engels: presentation) oor die Evangelie van Johannes aan jou groep. Hoe sou jy hierdie waarheid aan andere wil oordra?

Die volgende is moontlike aanbiedings
- Verklaar ’n waarheid d.m.v. ’n *tekening of illustrasie*.
- Gee ’n *kort lesing* oor een waarheid aan die groep.
- Skryf ’n *gedig of lied* en dra dit voor aan die groep.
- Oefen ’n kort *mimiek of toneelstuk* en speel dit uit in die groep.
- Dink ’n *vasvra* en voer dit uit in die groep.
- Vertel ’n denkbeeldige *verhaal* of gee ’n ware *getuienis* oor een waarheid in die Evangelie van Johannes.

6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifieks hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.